e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

9 September 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 31

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Verbrand 'n Koran…

Hierdie week word die gebeure van 11 September 2001 weer herdenk, toe Moslem-fundamentaliste in die World Trade Centre vasgevlieg het en die gebou vernietig is.

Volgens CNN beplan 'n kerk in die VSA om die sogenaamde 9/11 te herdenk met 'n Internasionale *Burn a Quran Day*. Die *Dove World Outreach Center* te Gainesville, Florida, beplan om die slagoffers van 9/11 so te gedenk en om so standpunt in te neem teen die Islam as *a religion of the devil*. Hulle nooi Christene oor die wêreld heen om die Islam se heilige boek op 11 September tussen 18:00 en 21:00 by kerke te verbrand.

Sommige mense se eerste reaksie is dalk dat dit 'n goeie ding is, veral as ons onthou hoe-veel onskuldige slagoffers daardie dag gesterf het. Boonop weet ons dat fundamentalistiese Moslems met plofstof om hul lyf steeds talle mense se lewens bedreig.

Maar is dit regtig die pad wat Christene moet loop? Is dit vir die kerk gepas om kwaad met kwaad te vergeld? Ja, kan ons dalk redeneer, hulle wil darem nie mense doodmaak nie. Maar vir baie gematigde Moslems oor die wêreld heen, wat self die 9/11 daad veroordeel het, sal dit so goed soos moord wees as hul heilige Koran verbrand word. Vir hulle is die Koran bykans woord van God wat boek geword het (amper soos Christus vir ons die Woord is wat Mens geword het). 'n Woordelikse afbeelding van die Koran in die hemel.

Boonop moet ons onthou dat nie alle Moslems fundamentaliste is wat onskuldige mense doodmaak nie. In werklikheid is dit 'n baie klein deeltjie van die Islam wat tot sulke uiterstes oorgaan, en hul optrede word deur die oorgrote meerderheid veroordeel. Maar indien Christelike kerke daartoe oorgaan om die Koran te verbrand, sal dit nie lank wees nie voordat Moslems begin om Bybels te verbrand en dalk selfs kerke af te brand. Sulke optrede sal wêreldwye spanning tussen die twee godsdienste skep. Boonop wil niemand in 'n situasie kom waar Christene in eredienste blootgestel is aan Moslems met plofstof om die lyf nie.

Maar die hoofrede waarom ons sulke optrede moet veroordeel, is dat die Christelike geloof vir iets anders staan as onverdraagsaamheid en 'n gebrek aan respek. Om geen respek vir ander se heilige boeke of geloof te hê nie, is om te vergeet dat ons die opdrag het om die lig van God se liefde in die wêreld te laat skyn. Ja, natuurlik is dit 'n wêreld wat gebroke is en waar baie onreg gepleeg word, maar dit is nie ons taak om die onreg aan te blaas of om kwaad met kwaad te wil vergeld nie. Verkondig die evangelie van Christus en dra die vrugte van die Gees tot eer van die Here, dit is hoe ons die onreg moet bestry. As kerke eers begin om kwaad met kwaad te vergeld, is die volgende stap om ook die swaard uit te pluk en met 'n heilige oorlog vir Christus te begin. Maar dan vergeet ons, daardie oorlog moet ons voer met die waarheid as gordel, die vryspraak van God as borsharnas, die geloof as ons skild en die swaard van die Gees as woord van God. So sal ons op ons pos bly ondanks die listige aanslae van die duiwel (Efesiërs 6: 11).

Ds Chris le Roux,
Stellenbosch/Worcester

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Gerhard Viviers

Beroep bedank

- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na Zeerust

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Mari du Plessis-Manders** se vader is op Sondag 5 September oorlede. Die begrafnisdiens op Vrydag 10 September om 11:00 word in Gemeente Springs-Oos waargeneem deur ds Naas Lombard. Ons innige simpatie gaan aan Mari en die familie.

Ds Sonia van Wyk

- **Ds Sonia van Wyk**, vrou van dr Daan van Wyk (jr) en predikant van Wolmaransstad, het verlede week die goeie nuus ontvang dat die toetse toon dat die kanker in remissie is. Die Kerk is saam met haar en haar gesin bly en dankbaar.

- **Voorbidding word gevra vir die volgende persone:**
  - Mev Ina Snyman, vrou van ds Theuns Snyman, wat nog ernstig siek is.
  - Ds Robby Pienaar, wat 'n seldsame lewersiekte opgedoen het.
  - Mev Selna van Staden, vrou van dr Piet van Staden, wat tans chemoterapie ontvang vir kanker.
  - 'n Agterkleinkind van ds en mev Fanie Swanepoel wat ernstig siek is.
  - Ds At Mc Donald, wat steeds intensiewe behandeling kry en by tye baie siek is.

Ds Sanet van der Walt

Ds Larry van der Walt

- **Ds Sanet van der Walt,** voorheen deeltydse predikant van Onverwacht, Bronkhorstspruit en Zuurfontein, is op 2 September deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) uit haar amp onthef nadat sy besluit het om as predikant van die Kerk te bedank. Ds Van der Walt het aansoek gedoen om as predikant by die Nederduitse Gereformeerde Kerk toegelaat te word.

- **Ds Larry van der Walt** is met toestemming van die Kommissie van die AKV van sy standplaas, Middelburg-Noord, losgemaak. Hy is weer beroepbaar in deeltydse hoedanigheid en wil hom veral op sy studies toelê.

Ds André Strauss

Dr Elsabé Kloppers

- Die Kommissie van die AKV het die losmaking van **ds André Strauss** van sy standplaas, Noordelike Pretoria, goedgekeur. Ds Strauss het 'n beroep uit Nieu-Seeland ontvang.

- Die Kommissie van die AKV het die losmaking van **dr Elsabé Kloppers** uit haar deeltydse standplaas, Rietvallei, goedgekeur. Dr Kloppers is besig met verdere studies en wil haar vir 'n tydperk voltyds aan haar studiewerk toewy. Na afhandeling van die formele studiewerk sal sy weer beroepbaar gestel word. Dr Kloppers het oor baie jare uitmuntende werk gelewer in Gemeente Rietvallei as predikant en orrelis. Sy het baie gedoen om sang in die gemeente te bevorder.

Ds Roelf Coertze

- Die Kommissie van die AKV het die aansoek van **ds Roelf Coertze** om aanvaarding van emeritaat goedgekeur. Prof Theuns Dreyer sal op 31 Oktober namens die Kommissie en op versoek van ds Coertze die emeritaatakte oorhandig. Ds Dries Beukes, 'n jarelange vriend van ds Coertze en predikantslid van die Kommissie, sal ook by die geleentheid optree.

Ds Piet Botha

Orrel van Gemeente Midrand

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.
  - Saterdag 11 September: Ds Dries Beukes (Swartkop), dr Gerrie Bloem (emeritus)
  - Sondag 12 September: Ds Mariaan Schutte (buiteland)
  - Maandag 13 September: Dr Johann Beukes (Weltevreden)
  - Dinsdag 14 September: Dr Hennie Botes (Naboomspruit)
  - Woensdag 15 September: Dr Rassie Kotze (emeritus)
  - Donderdag 16 September: Ds Stoffel Badenhorst (emeritus)
  - Vrydag 17 September: Di Willem Herbst (emeritus), Piet Rautenbach (Nkana)

- **Gemeente Klerksdorp** se aansoek om tot aan die einde van 2010 gebruik te maak van die dienste van emerituspredikant **ds Piet Botha**, is deur die Kommissie van die AKV goedgekeur. Die gemeente sal teen die einde van die jaar 'n beroep uitbring.

- Die Kommissie van die AKV het die aansoek van **Gemeente Koedoesrand** om uitstel van beroepswerksaamhede goedgekeur. Die Ringskommissie en konsulent gee intussen leiding aan die gemeente.

- **Gemeente Barberton** benodig 'n kerkklok. Enigiemand wat kan help, kan Koos MacDonald skakel by 013 712 4118.

- 'n **Orrel** van die ou gemeente Johannesburg-Noord, tans **Gemeente Midrand**, is beskikbaar en kan geskenk word. Die volgende is op die orrel geskryf: *Eastey Organ Co Brattleboro, Ut U SA*. U is self verantwoordelik vir die vervoer en herinstallering van die orrel. Donasies is welkom. Kontak ds Paula Eksteen by 083 282 5121 of **nhkmidrand@gmail.com**.

- **Landswye Bybelvasvra:** Al die spanne moet hul deelname bevestig by Johanna Scholtz by 082 928 5592. Die finale rondte vind plaas by Gemeente Noordwestelike Pretoria op **Saterdag 11 September** om 08:30 (registrasie vanaf 08:00). Navrae kan aan ds Stephen de Beer by 083 781 2955 gerig word.

- Gemeentes kan hul bestellings vir die 2011-publikasies plaas by mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. In 'n gebaar van welwillendheid is besluit om, ten spyte van stygende koste, die prys vir die nuwe *Almanak/Bybelse Dagboek* dieselfde te hou as in 2010. Die **pryse vir volgende jaar se publikasies** is soos volg:

  - *Die Hervormer* R90 vir 11 uitgawes
  - *Konteks* R130 vir 10 uitgawes
  - *Almanak/Bybelse Dagboek* R100

- Na verskeie versoeke het SENTIK besluit om weer 'n **kalender** vir gemeentes beskikbaar te stel. Die vertrekpunt is weer die kerklike jaar. Gemeentes kan dan hul eie inligting met die program van die Kerk integreer. Die konsepkalender sal binnekort aan gemeentes gestuur word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Pierneef: Sondag 12 September om 18:00**
  Projek Bartimeus by ringsjeugbyeenkoms van Magtige Dreuning
  By die kerkgebou in 29ste Laan, Villieria
  Transoranje-skool se senior koor en Ruan du Plessis van Prinshofskool
  Kontak ds Petri de Kock (012 333 6630), Andries Pretorius (082 490 5378) of Karin du Toit (082 500 9301)

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 11 September om 10:00: Gemeente Noordrand Lentedagtee**
  Met Susan Coetzer en Phillip Moolman
  R70 per persoon (mans ook welkom)
  Kontak Anette by 084 500 3989 vir besprekings

- **Saterdag 11 September om 09:00: NHSV Gemeente Theresapark Lente-ete**
  Te Vivaldi, Sylviastraat 78, Heatherdale
  Met Sam, stileerder van *GlamGuru*
  R90 per persoon
  Bespreek by 012 542 2805, 012 542 3568, 082 460 6279 of 073 099 3699

- **Sondag 12 September: Gemeente Pretoria *Korrel vir Kindersorg***
  10:00 (na erediens)
  Du Toitstraat (tussen Kerk- en Vermeulenstraat) met veilige parkering
  Koor- en musiekuitvoering ten bate van DPS-kinderhuise en Phyllis Robertson-tehuis vir gestremdes
  Gratis besoek aan SP Engelbrecht-museum
  Toegang R40
  Kaartjies by Ansie Joubert (012 321 7580)
  Skakel Jodri van Staden (084 800 3638) of Carlo de Lange (082 569 7068)

- **Vrydag 17 September: Gemeente Horison Roodepoort Lentedinee**
  Gaskunstenaars Esté Pienaar en Aalwyn van Heerden
  Puik vermaak en heerlike driegangmaal vir slegs R120 per persoon
  of R1 000 vir 10-sitplektafel
  Bespreek by Annemarie Strydom (083 271 3091) of David Barnard (083 441 1789)

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Waterberg: Gholfdag Saterdag 11 September**
  Koro Creek, Nylstroom
  R150 per speler
  Afslaantye en besprekings by Charlie 014 717 1181 (Koro Creek)
  Navrae aan James 082 575 6902 (organiseerder)

- **Gemeentes Noordwestelike Pretoria en Philadelphia: Gholfdag Donderdag 16 September**
  Akasia-gholfklub
  R1 400 per 4-bal, R350 per persoon, borge welkom
  Kontak Sarita by 082 903 5774

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Premiermyn: Wen 'n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

- **Gemeente Oudtshoorn: Modeparade Saterdag 23 Oktober**
  Kyk hoe lyk my hoed!

In kerksaal van die gemeente
R50 per persoon (sluit tee en verversings in)
Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

Basaars en markte

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen ’n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250
  Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**
  of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

ANDER NUUS

- Dit gaan baie beter met die **seun van mnr en mev Elmar Struwig** nadat hy geruime tyd ernstig siek was met breinontsteking. Elmar is die hoofrekenmeester van die Kerk.

- Die **Komitee vir Strategiese Beplanning en Herstrukturering** het die afgelope week onder leiding van **ds Dries Beukes** vergader. Poste wat tans vakant is en poste wat volgende jaar vakant raak, is bespreek. Tydens die AKV sal meer inligting daaroor deurgegee word. Die Komitee beoordeel elke pos wat vakant raak om vas te stel of die pos nog moet voortbestaan of herstruktureer moet word. Poste moet vir die Kerk dienlik en bekostigbaar wees, en voortdurende evaluering bly noodsaaklik en verantwoordelik.

Prof Johan Buitendag

Prof Andries van Aarde

- **Prof Johan Buitendag,** dekaan van die Fakulteit Teologie, het op 2 September met die Kommissie van die AKV gesprek gevoer oor die werksaamhede van die Fakulteit. Belangrike inligting is aan die Kommissie deurgegee en sal ook aan die komende AKV voorgehou word by die behandeling van die verslag oor teologiese opleiding.

- **Prof Andries van Aarde** het in sy hoedanigheid as voorsitter van die direksie van **to care** op 3 September met die Kommissie van die AKV gesprek gevoer oor die werksaamhede van **to care.** Verslag sal ook aan die komende AKV gelewer word. Dit is duidelik dat die werksaamhede van **to care** goed vorder.

- By die afgelope vergadering van die Kommissie van die AKV is die verslag van **dr Daan van Wyk (jr) en ds Etienne Fourie** oor die samesmeltingsvergadering van die Reformatoriese Ekumeniese Raad en die Wêreldbond vir Reformatoriese Kerke behandel. ’n Nuwe wêreldliggaam, die **Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke**, het tot stand gekom.

- Die personeel by die Sinodale Kerkkantoor wat die **reëlings vir die komende AKV** behartig, het die afgelope week vergader om die finale reëlings te kontroleer. Op Donderdag 9 September word finale samesprekings met Gemeente Wonderboom gevoer. Daar is hartlike samewerking tussen die Kerkkantoor en die gemeente.

- Afgevaardigdes en predikante wat gebruik wil maak van **etes** wat tydens die AKV deur Gemeente Wonderboom aangebied word, het nou ’n laaste kans om daarvoor te bespreek. Besonderhede is geruime tyd gelede aan gemeentes gestuur.

- Die NHSV-hoofbestuur, die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk, SENTIK, die argivaris mnr Nándor Sarkady, en dr Jackie Grobler van die Universiteit van Pretoria is besig met ’n **navorsingsprojek oor die belewing en hantering van armoede van 1930 tot 1960**. Die vraelyste is beskikbaar by alle NHSV-takke en op die NHSV se webblad **www.nhsv.co.za**, en is ook per e-pos aan elke NHSV-tak en gemeente gestuur. Dit is belangrik dat alle

predikante en kerkrade moet meedoen, want ons moet soveel vraelyste moontlik terugontvang om die projek te laat slaag. Die keerdatum is **einde September 2010**.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by **nhsvadmin@nhk.co.za** of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. **Aansoeke sluit op 22 September 2010.** Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en ’n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens ’n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Roelf Coertze by 012 548 1496 of 082 572 4846.

- **Jac van Belkum Kinderhuis en die Hervormde Kinderhuis van Middelburg** hou ’n **reünie** op **Saterdag 25 September**. Enige jaargroep van beide kinderhuise is welkom. Die reünie vind plaas by die kinderhuisperseel in Krugersdorp, nou bekend as die Almamater-privaatskool. Die hekke open om 08:00 en die verwelkoming vind plaas om 10:00. Vir verdere besonderhede, kontak Nenna van Rensburg by **nena.50@live.com**, 073 698 7765 of 011 958 1449.

- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by **lisamari.swanepoel@gmail.com** of 083 943 4561.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Dinsdag 14 September: Koördineringskomitee
  - Woensdag 15 September: Komitee vir Argief, Museum en Biblioteek; Bestuur van Die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 16 September: SENTIK-werkswinkel oor bemarking; Ledevergadering van Ons Tuis; Finkom van Die Ondersteuningsraad
  - Vrydag 17 September: ADV-dagbestuur

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

SENTIK-publikasies 2011

Promosieskyfies word saam met hierdie week se *e-Hervormer* aan gemeentes gestuur, vir gebruik voor en na eredienste om lidmate aan te moedig om op volgende jaar se publikasies in te teken. Dit sal waardeer word as predikante kan toesien dat dit wel vertoon word.

Daar sal nie op Donderdag 30 September 'n *e-Hervormer* verskyn nie. Die 69ste AKV vind van 26 September tot 2 Oktober plaas; gedurende dié tyd sal nuus daagliks op die Kerk se webblad beskikbaar wees. Besoek dan www.nhk.co.za vir die nuutste oor die gebeure by die AKV.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 222 kilogrepe groot is.

Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx